

KINDERKERK LES: Wanneer sout laf raak

Doel van les:

Vandag leer ons wat dit beteken as ons sê sout wat laf geraak het.

Ysbreker 1: Maak sout laf: Groepe staan in 'n ry, aan die ander kant van die vertrek is 'n houer met grond in en 'n houer met sout. Wanneer ons 'go' sê, hardloop die eerste groeplid na die emmer, meet 'n lepel sout af en gooi dit by die grond. Die speletjie hou aan totdat almal 'n beurt gehad het. Die groep vat dan die emmer en meng die grond en die sout goed deur.

Vra:

- Sal julle die sout oor julle kos gooi wat met die grond gemeng is?
- Hoekom/nie?
- Wie kan onthou waarom gesels het die afgelope paar weke?

Ons het die afgelope paar weke gepraat oor wat Jesus in die Bybelboek Matteus sê: Julle is die sout vir die aarde. Ons het geleer hoe belangrik sout is en hoe ons as kinders van Jesus sout vir die aarde moet wees.

Maar die vers stop nie daar nie. Daar is nog 'n deel. Maar as sout verslaan het, hoe kry mens dit weer sout? Dit is niks meer werd nie. Dit word buitekant weggegooi, en die mense vertrap dit.

Illustrasie: Haal 'n glasbak uit en 'n pakkie skyfies. Druk voor die tyd die skyfies baie fyn sonder om die pakkie oop te maak.

Sê: Sjoue, ek is nou so honger. Ek het nog nie vanoggend ontbyt gehad nie. Gaan julle my gou kansie gee om net my chips te eet? As ek genoeg het, sal ek met julle ook deel. (Maak die pakkie oop en gooi die skyfies in die bak.) Agge nee! My chips is heeltemal fyngedruk! Daar is niks hier behalwe chips stof nie! (Tel van die skyfies op om te wys.) Dit lyk glad nie lekker nie. Ek wou so graag 'n groot hap gevat het en die chips so gevoel kraak het in my mond. En die lekker sout geproe het so op my tong. Hou julle ook daarvan? Nou gaan ek nie daai lekker smaak kry nie. Dit gaan nou net na stof proe.

Vraag:

- Het julle al ooit kos geet wat nie sout in het nie?
- Was dit lekker?
- Wat het jy gedoen met die kos?

'n Knypie sout laat alles sommer baie beter proe. Ons as kinders van Jesus moet mos soos sout wees. Ons moet dinge rondom ons beter maak. Maar Jesus waarsku ons en sê dat ons moet oppas dat ons nie soos daai sout gemeng met die grond of soos die chippies wat stof is moet raak nie.

Hoe dink julle sal dit gebeur? (As ons baklei, vloek, nie doen wat Jesus sê ons moet doen nie. Wanneer mense nie kan sien ons is kinders van God nie oor ons net soos die wêreld lyk.)

Gebedsgeleentheid: Kom ons bid nou in groepe dat die Heilige Gees ons sal help om sout te bly en nie soos die wêreld te raak nie.

Sluit af in groepe met gebed.